# Inhoud

## Kwartaal 1: Week 1 tot 5

**Storie 1:**
Ons kan .................................. 2



**Storie 2:**
My familie .............................. 9



EXTRACT PAGES

# Ons kan


EXTRACT PAGES

Ons kan!
Ons kan spring.
Ons kan staan.
Sy sit.



EXTRACT PAGES

Ons moet luister.
Meneer praat.
Ons luister vir Meneer.
Sy buk.



EXTRACT PAGES

Ons spring op en af.
Hy spring hoog.
Sy staan en kyk.
Haar veter is los.




Op julle merke! Gereed! Weg!
Ons kan!
Ons spring weg.
Haar veter is los.



EXTRACT PAGES

Hy het gewen!
Sy het geval.
Eina! Dit is seer.
Sy huil.


EXTRACT PAGES

Sy hop.
Sy hop op een been.
Sy huil. Dit is seer.
Hulle help.



Hy help.
Hy maak haar veter vas.
Hulle troos haar.
Alles is nou beter.

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Kan jy jou veters vasmaak?
2. Hou jy van sport? Hoekom of hoekom nie?
3. Hoe help jy jou maats as hulle huil?